

30 Julie 2013

Skrifgedeelte: Lukas 11:1-13

Fokusgedeelte: Lukas 11:1, 13

Só moet julle bid!

As daar nou een gebed is wat die ganse mensdom ken, dan is dit seker die "Onse Vader". Hier in Lukas 11 vra die dissipels aan Jesus: "Here, leer ons bid." Die dissipels het Jesus pas self sien bid (vs. 1), en vra Jesus om hulle óók te leer bid.

Dan brei Christus verder uit oor die wonder van die gebed en eindig met dié woorde in vers 13: "Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra." Ja, ons weet ook nie altyd reg wat om te bid nie, sê Paulus in Romeine 8:26. Christus leer ons vandag om te bid dat die Gees ons sal leer om reg te bid, want die Heilige Gees is skeppend en vernuwend. Hy dra ons gebede na God en tree vir ons in by die Vader. Kom ek stel dit só: "Die gebed is jóú hand na God en die Heilige Gees is God se hand na ons!" Om te bid, is letterlik om jou antenna in te stel om die seine van God op te vang. Gebed is om te luister na God se Woord.

Gebed is nie maar net vra vir dit wat jy nie het nie, maar 'n dankbaarheid vir dit wat jy wél het. Gebed is om te verander, sodat God se Gees vernuwend in jou kan werk. Gebed is om God te loof en te prys vanuit die volwees van die Heilige Gees. Dank God elke dag vir die wondergawe van gebed.

Sing: Skrifberyming 28b

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)